# Hier is 2022 se Bayer Moerkweker van die Jaar

Deur Phillip Crafford, Plaas Media

Tydens Aartappels SA (ASA) se onlangse Moerkwekersforum en ASA-kongres wat onderskeidelik op 21 en 22 September gehou is, is 2022 se top moerkweker vereer. Hierdie toekenning is vanjaar vir die eerste keer sedert 2019 aan een van die land se beste moerkwekers oorhandig.

Die Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) en Bayer Suid-Afrika het saam die kriteria vir die toekenning opgestel. Sanette Thiart, besturende direkteur van ASD, het tydens die oorhandiging gesê dat die kriteria gefokus was op sertifiseringsdata wat oor 'n drie-jaar tydperk op die onderskeie moerkwekersplase versamel is.




*Rudi Heinlein van Sirkel-N-Landgoed is 2022 se Moerkweker van die Jaar. Van links is André Wessels, ASD se tegniese bestuurder, Michael Schulze, ASD-sertifiseringsbeampte, Johandré Breitenbach, ASD-streeksbestuurder, Jeany, Rudi, Gerhard en Nickus Heinlein van Sirkel-N-Landgoed, en Sanette Thiart, ASD se besturende direkteur.*

## Drie jaar se data versamel

Daar is gekyk na moerkwekers wat oor die drie jaar-periode 'n minimum van 30 ha per jaar geplant het. Die kriteria het voorts gefokus op die volgende:

- Eerste en tweede landinspeksiebevindings, voldoening aan toleransies tydens knolinspeksie en virus- en variëteitsegtheid na-kontrole uitslae oor 'n drie-jaar tydperk.
- Landmonster bakteriese verwelk- en virusuitslae.
- Die moerkweker se konstante en volhoubare lewering van aartappelmoere.
- Die moerkweker se moerproduksiepraktyke, wat onder andere effektiewe suiwering, opslagbeheer, loofdood en moergroottesortering insluit.
- Die moerkweker se stoorpraktyke wat netheid, stoorhigiëne en afvalbestuur betref.
- Verantwoordelike opberging en toediening van chemiese beheermiddels.
- Die moerkweker se gebruik van die nuutste beskikbare tegnologie.
- Die moerkweker se betrokkenheid in en interaksie met die aartappelbedryf en groter landbou-omgewing.



*Rob Carrol van Carbrecht was 'n finalis van vanjaar se Bayer Moerkweker van die Jaar. Van links is Pieter Leibbrandt, ASD-sertifiseringsbeampte, Carel en Margaret Carrol van Carbrecht, Patricia van der Westhuizen, Rob Carrol, Frans Engelbrecht van Firna, André Wessels, ASD se tegniese bestuurder, Kobus Meintjies van Bayer, Sanette Thiart, ASD se besturende direkteur, en André du Toit van Bayer.*

André Wessels, tegniese bestuurder van ASD, het bevestig dat slegs sertifiseringsdata gebruik is om die wenner te kies. Die sagter kriteria wat tydens die plaasbesoeke gemeet is, maak 'n baie klein bydrae tot die finale punt. Wessels het die versamelde data verwerk en dit is deur Fourie en Botha Rekenmeesters en Ouditeure geoudit.



*Frans Engelbrecht van Firna was 'n finalis van vanjaar se Bayer Moerkweker van die Jaar. Van links is Pieter Leibbrandt, ASD-sertifiseringsbeampte, Jaco Botes, ASD-streeksbestuurder, Bernice, Michiel, Frans, Francois en Mia Engelbrecht van Firna, André Wessels, ASD se tegniese bestuurder, Kobus Meintjies en André du Toit van Bayer, en Sanette Thiart, ASD se besturende direkteur.*

## Die finaliste

Na streng toepassing van die bogenoemde kriteria is drie finaliste aangewys. Frans Engelbrecht se Firna-bedrywighede bestaan uit twee plase in Noordwes en die Noord-Kaap. Dit is 'n familiebesigheid waarin sy twee seuns, Michiel en Frans, saam met hom boer. Carbrecht is 'n vennootskap tussen Carel Carrol se Carrol Farming en Firna. Dié vennootskap is 'n konsekwente produsent van topgehalte aartappelsaad.

## En die wenner is ...

Die derde finalis, Rudi Heinlein, is 'n Wesgrow-kweker van Sirkel-N-Landgoed in Limpopo, en is gekroon as 2022 se Moerkweker van die Jaar. Sirkel-N-Landgoed is 'n familieboerdery wat sitrus en tafelaartappels produseer en in 2012 met aartappelmoerproduksie begin het. Rudi sê daar was baie risiko's toe hulle aanvanklik die aartappelmoerproduksiebedryf betree het. Hulle is egter baie trots op die vordering wat die afgelope tien jaar gemaak is. Hulle fokus op detail en streng dissipline is volgens hom die hoofredes vir hulle sukses.

Lees in die volgende uitgawe van *CHIPS* meer oor Rudi se boerdery en praktyke.
Vir navrae, kontak die ASD by 060 716 2607 of besoek *www.potatocertification.co.za*, of besoek ASA se webtuiste by *www.potatoes.co.za*.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 6 • NOVEMBER / DECEMBER 2022



SANDSPLEET, SPLEETSKURF OF ANDER OORSAKE: OORSIG VAN AARTAPPELKRAKE

SANDVELD KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2021/22

Improving diversity in potato plantings

Use of lime in soil: Acidity is no longer visible

Reviewed and updated ARC irrigation manual